# HOOFSTUK II

# 'N ETNOGRAFIESE BEELD VAN DIE SUID-SOTHO IN QWAQWA

## INLEIDING

Die dans van die Suid-Sotho is vervleg met die kultuur en lewenswyse van die Suid-Sotho en om die dans te konseptualiseer, is dit nodig om 'n etnografiese beeld van die Suid-Sotho te skets. Hierdie beeld sluit die kultuurhistoriese perspektief in.

Aangesien die Tlokwa- en die Kwenastamme wat die bevolking van Qwaqwa uitmaak, uit die Suid-Sotho stam, wat weer deel uitmaak van die Sotho-groep, is dit noodsaaklik om 'n kort historiese oorsig van die herkoms en vestiging van die Suid-Sotho en die uiteindelike vestiging van die Tlokwa-en Kwenastamme in Qwaqwa te gee. Die geskiedenis, geografiese ligging, demografie en grootte van die land word kortliks weergegee.

Om 'n geheelbeeld van die twee stamme te kry, word kulturele aspekte soos die politieke , ekonomiese, religieuse en sosiale organisasie en die materiële kultuur kortliks beskryf. 'n Beter begrip van dans word verkry aan die hand van die sosiale kultuur wat die lewensiklus van geboorte tot dood insluit. Die stamlid se lewenswyse en kultuur is nou vervleg met elkeen van hierdie organisasies en dans speel 'n rol in feitlik elke faset in die lewe van die Suid-Sotho. Aangesien daar min geskrewe inligting bestaan oor die twee huidige stamme van Qwaqwa word gebruik gemaak van bronne wat die Suid-Sotho van Lesotho as voorgeslag van die Suid-Sotho van Qwaqwa hanteer.

Dans en begeleiding word volledig bespreek in 'n volgende hoofstuk.

## 1. HERKOMS EN VESTIGING IN QWAQWA

### 1.1 Historiese agtergrond

Op grond van geografiese verspreiding, historiese verband en kulturele samehorigheid word die Bantoebevolking van Afrika in drie hoofgroepe ingedeel, naamlik die Wes-, Oos- en die Suid-Bantoe.

Die Bantoe het in drie groot vertakkings afsonderlik suidwaarts getrek oor 'n lang periode. Die Bantoe van Suid-Afrika behoort tot die Suid-Bantoe wat suid van die Zambezi- en Kuneneriviere woon (Bruwer, 1956:9). In Suid-Afrika word die Bantoe as 'n afsonderlike bevolkingsgroep onderskei. Die groep kom nie as 'n homogene groep voor nie maar as 'n groot verskeidenheid van volke met verskillende naverwante tale, kultuurvorms en afsonderlike woongebiede (Bruwer, 1956:11). Bruwer (1956:13) deel die Bantoe van Suid-Afrika volgens taal- en kultuurvorm en tot 'n mate tradisionele woongebied in die volgende hoofgroepe in:

1. Die Nguni
2. Die Sotho
3. Die Venda
4. Die Tsonga
5. Die Herero-Ovambo

## 1.2 Die Sotho

Aangesien die Tlokwa- en die Kwenastamme wat die bevolking van Qwaqwa uitmaak, uit die Suid-Sotho stam, is dit noodsaaklik om 'n kort historiese oorsig van hulle herkoms te gee. Die term Sotho word gebruik om een van die hoofgroepe van die Suid-Bantoe aan te dui. Hierdie benaming volg hoofsaaklik uit die taal- en kultuuroorwegings wat die algemene samehorigheid van die onderskeie subgroepe kenmerk. Die hoofgroep woon oor 'n wye area in die sentrale gedeelte van Suider-Afrika en kom voor in Botswana, Transvaal, die Oranje-Vrystaat, Lesotho, Qwaqwa, Noord-Kaapland en kleiner groepies in Natal (Bruwer, 1956:19).

Die Sotho val in drie hoofgroepe, naamlik die Suid-Sotho, hoofsaaklik van Lesotho, die Noord-Sotho of Transvaal-Sotho en die Wes-Sotho of Tswana (Bruwer, 1956:21). Van die vroeë geskiedenis van die Sotho is baie min bekend. Volgens Lye (1980:21) is die tradisie oorgedra dat die Sotho vanaf die Noorde geëmigreer en die vroeëre San of Boesmaninwoners geabsorbeer het. Die eerstes was die Kgalagadi in die Weste en die Fokeng in die Ooste. Eersgenoemde word later verdryf deur die Tlhaping en die Rolong. Hierna volg die mees belangrike

instroming van die Sotho wat die direkte voorgeslagte van die dominante Suid-Sotho-afkoms bewerkstellig. Hulle kon as een gemeenskap binnegetrek het, maar het opgebreek in verskeie stamme soos die Hurutshe, Kwena, Tswana en ander (Van Warmeloo, 1974:71). Met die uitsondering van die Tswana noem al die lede van hierdie groep hulleself die "baSotho", ŉ ou woord wat "swartmense" beteken (Van Warmeloo, 1974:71).

## 1.3 Die Suid-Sotho

### 1.3.1 Die trekbeweging en kontak met ander stamme

Ellenberger en Macgregor (Ashton, 1952:2) meld dat die eerste bewoners van Lesotho die Boesmans was. Daar het vermenging tussen die Basotho en die Boesman plaasgevind, vandaar die klikgeluide in die Basothotaal (Van Warmeloo, 1974:73). Die eerste Bantoe wat Lesotho betree het, was die Nguni wat oor die Drakensberg gekom het, naamlik die Phetla, Polane en die Phuthi. ŉ Paar jaar later sluit die Peli, Phuthing, Sia en Tlokwa hulle by eersgenoemdes aan. Hulle is gevolg deur die Fokeng, Koena en Taung. Die Tlokwa was die sterkste. Hulle staan onder leiding van Mantatisi en haar seun Sekonyela (Ashton, 1952:2). Teen die einde van die 18e eeu bewoon die Suid-Sotho die land suid en oos van die Vaalrivier tot ŉ lyn so ver as Thaba'Nchu en Thaba Bosiu (Lye, 1980:27). Die Suid-Sotho woon hoofsaaklik in Lesotho, Thaba'Nchu, Qwaqwa, die Herscheldistrik, die oostelike Vrystaat, verspreid in die Oranje-Vrystaat, langs die bolope van die Umzimvubu- en Umzimkuluriviere en ŉ klein seksie in Natal (Bruwer, 1956:21).

Die Suid-Sotho het ŉ veelbewoë geskiedenis en is waarskynlik die swaarste getref deur die difaqane. Eintlik is die Basotho as sodanig ŉ skepping van daardie periode (Bruwer, 1956:21). Die woord beteken verstrooiing (Lye, 1980:27). Difaqane is die meervoud van fagane wat beteken ŉ tyd van groot terugslae, oorlog en hongersnood (How, 1954:66). Al die groepe het in vrede met en min of meer onafhanklik van mekaar geleef tot aan die begin van die 19e eeu (Ashton, 1952:2). Die vrede is wreed versteur deur die Zulu-aanvoerder Shaka. Hy organiseer sy impi's en bring oorlog en verwoesting (Ashton, 1952:2). Die vlugtende Ngunistam,

die Hlube, vlug van Natal af oor die Drakensberg en beland tussen die Tlokwa, wat chaos tot gevolg het. How (1954:66) beskryf hierdie tyd as 'n uitsonderlike en verskriklike tyd aangesien hele stamme met vroue, kinders, oumense en besittings gevlug en oorlog gevoer het, in teenstelling met die gewone manier van impi's wat alleen uitgetrek het om te veg.

Langdurige oorloë en uitroeiings het verstrooide stamme tot gevolg (Ashton, 1952:3). Plunderings en hondersnood laat selfs kannibalisme ontstaan. Volgens Peter Becker (1969:52) is Moshoeshoe se oom, Peet, deur kannibale opgeëet. In hierdie tyd onderskei die Kwenahoofman, Moshoeshoe hom as 'n sterk leier. Hy bied beskerming aan die verstrooide en verbrokkelde stamme. Onder sy leiding bou hy die eintlike Basothonasie op. Hierdie stamme was van velerlei oorsprong en het sowel Sotho- as Ngunigroepe ingesluit. Binne die nasie-eenheid is daar duidelike seksies te onderskei wat 'n eie identiteit bewaar het. Moshoeshoe het aan die Kwenaseksie behoort. 'n Tweede onderskeibare groep was die Kgatla-seksie wat die Sia en die Tlokwa ingesluit het (Bruwer, 1956:21,22).

### 1.3.2 Kontak met Blankes

Die Suid-Sotho was vanaf 1801 in aanraking met blankes, naamlik sendelinge, ontdekkingsreisigers en winkeliers. Hierdie vroeë kontak het nie hul lewenstyl sterk beïnvloed nie. In hul suidelike vlug weg van die difaqane is baie deur Blankes op plase in diens geneem. Met die begin van die Groot Trek het die eerste merkbare blanke beïnvloeding op die Suid-Sotho begin (Lye, 1980:58). As 'n geheel het die uitbreiding van die blanke outoriteit en politieke oorheersing, die langdurige difaqane-oorloë en wrywing onder mekaar tot 'n einde gebring (Mapena, 1970:54). Daar vind groot invloed plaas op die Suid-Sotho se lewenstyl as gevolg van die bedreiging van 'n tegnologies meer ontwikkelde vyand (Mapena, 1970:58). Kontantekonomie word aan hulle bekend gestel en afhanklikheid van trekarbeid ontstaan (Mapena, 1970:65).

Die invloed van die sendelinge het tot gevolg 'n impak van Christendom op die nog heidense stamme (Mapena, 1970:66). Die primêre doel was om die swartes te bekeer. Laasgenoemde duld die sendelinge aan die begin vir die materiële gewin. Volgens statistieke is die Suid-Sotho van die mees gekerstendes. Die verskeie sendinggenootskappe het in Lesotho kerke en skole gebou en lei onderwysers en evangeliste op (Ross, 1930:13-17). Sommige hoofmanne het die sendelinge geopponeer omdat hulle gevoel het hulle gesag word ondermyn. Ook het die sendingkerke die tradisies soos "lobola", veelwywery, huwelike van weduwees, manlike en veral vroulike besnyding, rituele moord, towenary, reënmakery en die drink van verdowingsmiddels afgekeur. Sommige sendelinge het ook die danse en oesfeestelikhede geopponeer (Mapena, 1970:67).

Die groot voordeel vir die Blankes was die aanleer van die taal. Sodoende kon geletterdheid en Christendom bevorder word (Mapena, 1970:68). Die sendelinge het beter en nuwe boerderymetodes bekend gestel en die swartes het kennis gemaak met groente, die grawe van putte, besproeiing en die ploeg. Die sendingstasies lok reisigers. Hierdie feit beïnvloed die maak van handewerk. So word die kleipot in 'n mate vervang met emalje- en tinware (Mapena, 1970:69). Materiaal en krale vervang die velklere en versierings van sade of vel. Die wit sendeling was raadgewer, vertaler, diplomaat, gesondheidsklerk en ingenieur. Hulle het baie goed gedoen maar wou die Swarte se kultuur verander, wat 'n groot invloed op die Suid-Sotho gehad het (Mapena, 1970:69).

Moshoeshoe maak in 1831 die eerste kontak met wit boere, en ontmoet die Franse sendelinge in Junie 1833. Hy is die sendelinge baie goedgesind (Becker, 1969:94,97,101). Moshoeshoe het sendelinge belowe dat sy kinders en kleinkinders nie geïnisieer sal word nie. Sommige het later belangrike kapteins of hoofmanne geword en nie die inisiasieskole bygewoon nie of was selfs daarteen gekant (Pauw, 1974:429).

Die Kwena van Witsieshoek het reeds vroeg met die Paryse Evangeliese Sendingkerk in aanraking gekom. Met die Vrystaatse president is goeie betrekkinge gehandhaaf en die president het kaptein Paulus Mopeli elke jaar besoek om stamaangeleenthede in die huis van die plaaslike kommandant te bespreek. Paulus was as 'n verstandige redenaar bekend. (Adviesraad, s.a. :6).

## 1.4 Die Tlokwa

Vanuit die geskiedenis kan aangedui word dat al die Tlokwastamme van die suidelike dele van die R.S.A., sowel as dié van Lesotho, hul herkoms kan terugvoer na Transvaal waar hulle oorspronklik deel gevorm het van die groter Kgatlaverband (Kriel, 1976:289). Die suidwaartse migrasie van die Tlokwa het teen ongeveer 1570-1600 in die omgewing van Pretoria (Tshwane) 'n aanvang geneem. Die grootste skeuring in die stamgeledere het te Moremalelle (Wakkerstroomdistrik) plaasgevind wat twee duidelik onderskeibare Tlokwagroepe tot stand laat kom het, naamlik die seniorgroep, die Batlokwa ba Mokgalong onder Tsotsetse en die juniorgroep, die Batlokwa ba Makotleng onder Motonosi. Verteenwoordigers van albei hierdie groepe word vandag onder al die suidelike Tlokwastamme aangetref. Belangrik en ook interessant is dat, op een uitsondering na, die kapteins van al hierdie stamme lede is van die Mokotlengseksie, wat meebring dat hulle ritueel en genealogies die minderes is van hul onderdane wat tot die Mokgalongseksie behoort (Kriel, 1976:289).

Teen 1750 bevind die Tlokwa hulle in die Harrismithdistrik waar Motonosi se kleinseun Mokotjo met Monyaduwe, later bekend as Mantatisi, trou. In 1804 word sy die moeder van Sekonyela, die troonopvolger en teen 1807 word Mota gebore. Mokotjo sterf in 1813 en omdat Sekonyela nog minderjarig was, tree Mantatisi as regentes op (Kriel, 1976:290). In 1822 word die Tlokwa deur die Hlubi aangeval en word die difaqane vir die Sotho-Tswanavolke ingelui. Nou volg die reeds genoemde tyd van plunder- en swerfbestaan. Teen 1826 vestig die Tlokwa hulle onder die gesag van Sekonyela rondom die bergvesting Jwalabohole. 'n Tyd van onderlinge gevegte tussen Sekonyela en Moshoeshoe se volgelinge volg (Kriel, 1976:290). In 1853 word Sekonyela verpletterend verslaan deur Moshoeshoe. Sekonyela verhuis, ná 'n periode van verblyf te Bloemfontein, met 'n handjievol volgelinge na die Herschelldistrik. 'n Junior vertakking is vandag nog in die gebied woonagtig (Kriel, 1976:290). Mota, die jonder broer van Sekonyela, wat in Lesotho woonagtig was, het vir 'n periode die oppergesag van Moshoeshoe erken. Aan die begin van 1854 trek hulle ooswaarts deur Lesotho na die Bergvilledistrik in Natal en vandaar na

die Harrismithdistrik, nadat baie stamlede langs die trek agtergebly het (Kriel, 1976:290).

In 1861 trek Mota weer vanaf Platberg na Natal. Voordat hy in ongeveer 1870 oorlede is, was daar weer 'n skeuring onder sy geledere. Sy erfopvolger, Tabana, en volgelinge verhuis na Weenen. Die Britse regering gee aan hulle 'n stuk grondgebied in die Ngutudistrik waar hulle vandag nog woonagtig is. 'n Junior seun van Mota, Letswaka (Koos) het in 1873 grondgebied van die Vrystaatse regering in die suidoostelike deel van Qwaqwa (vroeër Witsieshoek) ontvang, waar Wessels, die kleinseun van Koos, vandag nog kaptein van die stam is (Kriel, 1976:291).

Dit blyk dus uit hierdie geskiedenis dat die kapteinshuis van Qwaqwa 'n junior posisie binne die Tlokwageledere beklee. In die huidige tyd berus die erkenning van die politieke gesag van die kaptein hoofsaaklik op die feit dat grondgebied in Qwaqwa aan Koos toegeken is, genealogies en ritueel is hy eintlik die junior teenoor die nageslag van die Mokgalongseksie (Kriel, 1976:291). Reeds sedert die Tlokwa se aankoms in die Wakkerstroomgebied, het groot getalle vreemdelinge by die stam aangesluit van wie baie van Nguniherkoms was. Afwykings van die Sotho-Tswane politieke stelsel, administratiewe verskille van die Kwena asook die vestigingspatroon, naamlik klein verspreide eenhede eerder as die groot komplekse statte van die Tswana, dui die sterk kontak met die Nguni (veral Zulu in Natal) aan (Kriel, 1976:291-292). Dié vermenging met vreemdelinge verklaar dan die besondere heterogene samestelling wat kenmerkend is van die Tlokwa (Kriel, 1976:292). Die groei tot 'n hegte eenheid het onder moeilike omstandighede plaasgevind. Die polities-administratiewe inskakeling van die baie vreemdelinge is vertraag weens die baie verhuisings en gevolglik die ongereelde hou van inisiasieskole. Algehele verbrokkeling en verval van kapteinskap is na 1875 verhoed deur die antogonisme tussen die Tlokwa en die Kwena van Paulus Mopeli weens grensverskille en pogings deur laasgenoemde om die Tlokwagebied vir hulleself toe te eien (Kriel, 1976:292).

## 1.5 Die Kwena

Volgens Kriel (1976:36) was daar verskeie vertakkinge van die suidwaartse trek vanaf die Limpopo waarvan een die Kwena-Hurutshe was. Volgens die meeste skrywers was laasgenoemde die laaste verteenwoordigers van die Sotho-Tswana-element wat suidwaarts getrek het. Hulle was nie alleen die voorsate van die oorgrote meerderheid Sotho-Tswanastamme nie, maar het ook saam met die Rolong 'n bydrae tot die vorming van die Suid-Sotho-volk gelewer. Volgens oorlewering het die Kwena-Hurutshe hulle by Swartkoppies naby Brits gevestig. Ongeveer 1450-1480 het 'n groot skeuring in die stam plaasgevind in Malope se tyd. Die Hurutshe-splintergroepe is tans nog in die Maricodistrik. Vanaf Kwena, die oudste seun uit die tweede hut van Malope, ontspring daar verskillende Kwenagroepe waarvan sommige ooswaarts en later suidwaarts deur die Oos-Vrystaat tot in Lesotho beweeg het (Kriel, 1976:37). Volgens Ellenberger et al. (Kriel, 1976:37) het die afskeiding van die Kgatla op min of meer dieselfde tydstip plaasgevind. Die Kgatla wou nie 'n vrou as kaptein aanvaar nie en het weggetrek.

Volgens Ross (1930:11) is daar baie bewyse, soos rotstekeninge, dat Boesmans vroeër in Witsieshoek gewoon het. Hulle moes vanaf Basotholand soheentoe getrek het. Soos reeds genoem, het drie Ngunigroepe Basotholand vanaf die ooste binnegedring. Daarna het die eerste Sothostamme gekom, waaronder die Sia en Tlokwa. Hulle is gevolg deur die Fokeng, Taung en Koena (Kwena). Die eens magtige Tlokwa is later versplinter.

Die Kwena het belangrik gebly want feitlik al die hoofkapteins van Lesotho kom van die Kwena - hoewel baie aan moederkant verwant is aan die Fokeng (Ross, 1930:13). Die Kwenastam wat vandag in Qwaqwa woon, is 'n deel van die Basothonasie. Dié stam het vroeër aan die westelike kant van die Caledonrivier gewoon in die huidige Ladybrand- en Ficksburg-distrikte. Die naam van hul woonplek was Mabolela en hul kaptein was Paulus Mopeli, 'n broer van Moshoeshoe.

Daar was gedurige skermutselinge en oorlog tussen die Basothos en die Boere en met die Engelse owerheid omdat die Basothos die boereplase

geplunder en selfs boeregesinne vermoor het (Ross, 1930:14). In 1866 is die Basothos onder Moshoeshoe eindelik verslaan en is die grense finaal vasgelê. Paulus Mopeli, 'n skrander opperhoof, het met president Brand oor vrede onderhandel en hy het 'n bondgenoot van die Vrystaatse regering geword. Die president het hom en sy stam na die ou Witsieshoek laat trek in 1868. Hy en sy raadgewers moes 'n kontrak teken dat hulle daar kon bly solank hulle hul goed gedra het en nie sou plunder nie. Verder moes hy 'n jaarlikse belasting betaal (Ross, 1930:14).

## 1.6 Die geskiedenis van Witsieshoek

Ongeveer gelyktydig met die koms van die Voortrekkers na die Trans-Oranje het 'n klein groepie Sotho onder die stamhoof Witsie (Oetsie) hulle intrek in die noordelike Trans-Oranje geneem. Hulle was 'n gedeelte van die Bakholokwestam wat noord van die Vaalrivier gewoon het maar deur Mzilikazi verdryf is. Hulle vlug na Dingaan om beskerming. Toe Dingaan deur die Voortrekkers verslaan is, vlug Witsie na die omgewing van Harrismith en vestig hom in 'n gebied wat later as Witsieshoek bekend geword het (Stals, 1971:29,30).

Hy en 'n klein klompie volgelinge het in hierdie natuurlike "Hoek" tussen die berge vreedsaam gewoon. Volgens Ross (1930:8) was hy 'n groot toordokter en reënmaker. Na die proklamering van die Oranjerivier-Soewereiniteit in 1848 het die verjaagde oorblyfsels van Witsie se stam uit alle oorde na Witsieshoek gestroom. Selfs Zulu-vlugtelinge het hulle daar by hom aangesluit sodat sy onderdane spoedig meer as 2 000 getel het. Hulle het begin uitwyk na die aangrensende plase en wrywing het tussen hulle en die Blankes begin ontstaan. Veediefstal het toegeneem en sedert 1854 het die Vrystaat gedurig probleme met die stam ondervind. Witsie weier om geroofde vee terug te gee. Selfs 'n poging van Moshoeshoe om 'n vreedsame skikking te bewerkstellig, misluk. In April 1856 word Witsie aangeval, die vee gebuit, Witsie verdryf en hy vlug na Basotholand (Stals, 1971:30).

Teen die einde van die tweede oorlog tussen die Basotho en die Oranje-Vrystaat in 1866 het 'n Basothostam, die Kwena wat onder Moshoeshoe

gesag gestaan het, aansoek gedoen om onderdane van die Vrystaatse regering te word. Hierdie stam het onder die stamhoofskap van Paulus Mopeli, 'n broer van Moshoeshoe, gestaan. Mopeli het die skuld vir die oorlog op die Basotho se rekening geplaas en die kant van die Vrystaatse regering gekies (Stals, 1971:30). Op 1 Junie 1867 is 'n formele ooreenkoms te Bloemfontein tussen die regering en Mopeli aangegaan, waarin bepaal is dat Mopeli en sy 16 onderhorige hoofmanne onder die gesag van die Vrystaatse regering sou staan. Die nog onbesette regeringsgrond in Witsieshoek is aan hulle as woonplek gegee (Stals, 1971:31). Hy en sy raadgewers moes 'n kontrak teken dat hulle daar kon bly as hulle nie veediefstal pleeg nie (Ross, 1930:14). 'n Kleinseun is huidiglik stamhoof van die Kwena in Qwaqwa. Paulus Mopeli het die vertroue van die Vrystaatse owerhede geniet. In 1867 het Mopeli se mense 1484 getel. Die grootte van die Witsieshoek-reservaat is op 75 000 morg gestel en het dus 'n goeie bestaan aan hierdie groepie Sotho verseker. Die reservaat is aan die suidekant deur Basotholand begrens en aan die oostekant deur Natal (Stals, 1971:31).

In 1873 het die Vrystaatse Volksraad besluit om nog 'n groep Bantoe in die Witsieshoekreservaat te vestig. Dit was 'n groep Tlokwa wat onder die stamhoofskap van Mota gestaan het. Die vestiging het in Mei 1875 plaasgevind en wel in die oostelike deel van Witsieshoek, tussen die Elandsrivier en die Natalse grens (Stals, 1971:31). Sommige van die volgelinge van die gevalle Sekonyela het hulle ook by Mota, 'n jonger broer van Sekonyela, aangesluit (Mapena, 1970:90). Daar het 'n goeie verhouding tussen Mota en die Vrystaatse Republiek geheers. Dit het Mota se taak vergemaklik om die gebroke Tlokwastam weer op te bou (Mapena, 1970:90). So het dit gekom dat die twee stamme wat mekaar op 'n stadium vyandiggesind was, bure in die Witsieshoekgebied geword het (Mapena, 1970:91).

Die volgende Tlokwa-kapteins het in Witsieshoek regeer:

| Kaptein of regent | Gebore | Aanstelling | Oorlede |
|---|---|---|---|
| KOOS MAROPOTSANE MOTA | 1840 | 1875 | 1930 |
| SILAS MASUPA MOTA | 1877 | 1931 | 1931 |
| Weduwee EVA MOTA het ageer | 1876 | 1931-1942 | 1943 |
| WESSELS THETHE MOTA | 1920 | 1942 | |

(Adviesraad, s.a. :8)

Die volgende kapteins het die Kwena regeer:

| Kaptein of regent | Gebore | Aanstelling | Oorlede |
|---|---|---|---|
| PAULUS MOPELI | 1800 | 1865 | 1899 |
| NTSANE MOPELI | 1860 | 1896 | 1918 |
| CHARLES NTSANE MOPELI | 1891 | 1918 | 1962 |
| ARTHUR NTSANE MOPELI | 1919 | 1962 | 1965 |
| Weduwee APAPHIA MAMPOI MOPELI ageer vir erfgenaam MOTEBANG JOSIAS MOPELI | 1952 | 1965 | |

(Adviesraad, s.a. :7)

## 1.7 Geografiese ligging van Qwaqwa


Witsieshoek, die enigste toegewese tuisland vir die Suid-Sotho van Suid-Afrika, is geleë aan die Noordelike hange van die Drakensberg in die Oos-Vrystaat, in 'n hoek wat aan die suidooste deur Natal en aan die suidweste deur Lesotho begrens word. Die gebied lê nagenoeg 55 km van Harrismith en 65 km van Bethlehem, die twee naaste groterige dorpe (Brand, 1972:46). (Vide kaart 2).

## 1.8 Demografie en grootte van gebied

Die gebied word bewoon deur die Tlokwa, wat 'n minderheid van die bevolking uitmaak en oos van die Elandsrivier woon, en die Kwena. Die Kwenastamgebied lê ongeveer 1650 m bo seëspieël en die Tlokwastamgebied ongeveer 3 000 m bo seespieël (Adviesraad, s.a. :2). Die gebied beslaan ongeveer 50 172 ha (Vrey & Smith,1980:36). Meer as 'n driekwart hiervan (ongeveer 35 866 ha.) is Kwenastamgebied terwyl die Tlokwastamgebied ongeveer 12 250 ha beslaan. Die bantoedorp, Phuthaditjhaba, is op oorspronklike Kwenagrond geleë, waarvoor die stam met trustplase vergoed is. Dit sluit ook die terrein van die regeringskantore en polisie in.

Volgens die 1980-bevolkingsensus is die permanente inwonertal in Qwaqwa 158 000 en die getal trekarbeiders elders 20 000 wat die totaal te staan bring op 178 000 (Adviesraad, s.a. :3).

# KAART 2. LIGGING VAN QWAQWA



# 2. DIE SOSIALE ORGANISASIE

## 2.1 Lewensiklus

### 2.1.1 Geboorte

Tradisioneel is daar in Lesotho feesgevier met die geboorte van 'n hoofman se kind. Nadat Moshoeshoe se geboorte aangekondig is, is daar dwarsdeur die nag gesing en gedans. 'n Bossie rietjies is tradisioneel bokant die deur vasgemaak om aan te kondig dat 'n geboorte gaan plaasvind (Becker, 1969:7). Volgens legende het die Sotho hulle oorsprong in die grot van Lowe, of in 'n bedding riete by Ntswana-tsatsi ("waar die son opkom") gehad. Om dit te staaf, kondig baie moeders die geboorte van 'n kind aan deur 'n riet oor hulle deur te sit (Lye, 1980:24). Hierdie gebruik kom nog soms in Qwaqwa voor, asook om fees te vier met sang en dans. Die voorvaders word dikwels nog gedank vir 'n nuwe kind. Tradisioneel moes 'n verwagtende vrou gedurende haar sewende maand na haar ouers terugkeer. Daar moes sy sekere rites en taboes ondergaan voor en na die geboorte. Die geboorte van 'n seun is aangekondig deur die vader met 'n stok te slaan en dié van 'n dogter deur hom met water te deurweek (Ashton, 1952:28).

### 2.1.2 Suigeling- en kinderjare

Die baba was tradisioneel in die moeder se sorg. Vandag is dit steeds hoofsaaklik die geval, behalwe as die moeder werk, dan word die baba in die sorg van die ouma gelaat. Wanneer die baba vir die eerste keer uit die huis kom as die naelstring afval, hou die vroue 'n fees, naamlik die pitiki waar daar gesing en gedans word uit dankbaarheid. Op 'n later stadium wanneer die kind deur die familie ontvang word, vind die kananelo plaas. Daar word feesgevier en ook 'n skaap geslag. Hierdie gebruik bestaan nog by sekere families. Op 'n maanligaand word die jong kindjie na buite gebring en word die maan aan hom gewys as 'n simbool van lig en geluk. By hierdie gebeurtenis, die kuruetso, wat nog by sommige families plaasvind, dans die dogters en maak geraas. Die seuns en dogters bly nog vir 'n paar jaar by die moeders en kry baie liefdevolle aandag. Die seuntjies gaan van hulle 6-7e jaar uit

om beeste op te pas. Hedendaags is skool verpligtend. Die dogters het tradisioneel die moeder met die huiswerk bly help tot sy getroud is. Die dogters het allerhande dansies en speldansies wat hulle vir mekaar leer en by die skole en tuis dans. In hierdie stadium leer hulle ook bruilofdansies aan. Tradisioneel het die jong dogters gaan groente (jong pampoene of groenmielies) pluk en dan die mokopu gedans, al singende en dansende terwyl hulle die groente pluk en bymekaarmaak. Volgens Ashton (1952:35.36) speel die seuntjies en dogtertjies saam vir die eerste paar jaar totdat hulle onderskeidelik in mans en vroue se aktiwiteite begin belangstel en na-aap.

Die seuns het 'n aparte groep gevorm vanaf die ouderdom van elf of twaalf tot hulle inisiasieskool toe moes gaan. Hulle het saam in 'n aparte hut geslaap (Ashton, 1952:36). Hierdie groep wat beeste opgepas het, se bewegings was redelik vry. Hulle het kos gesoek, die kranse geklim, musiekinstrumente bespeel, poetse gebak en vriendskap, fisieke krag en ratsheid waardeer (Ashton, 1952:37). Dogters se doen en late het in die hedendaagse lewe minder verander as die van die seuns. Behalwe skoolgaan speel hulle nog onder andere huis-huis. Hulle moet egter op 'n vroeër stadium al ander pligte op hulle neem soos babas oppas (Ashton, 1952:37). Die volgende speletjies word soms nog gespeel: Die dogters gaan van een plaas na 'n ander waar hulle die stok wat die pap roer, steel. Die beroofdes sit die ander agterna en daar word oor en weer die gek geskeer (Zietsman 1972:55).

Soos reeds genoem, speel die seuns en dogters saam, selfs tot op 14-jarige ouderdom. Hulle het die motjeko saamgedans. Die seuns het die mohobelo gedans terwyl die dogters vir hulle sing en klap. Die seuns het egter nie deelgeneem aan die mokgibo van die dogters nie (Ashton, 1952:39). Die mokgibo word huidiglik nog baie deur die dogters gedans maar die seuns dans baie min. Dit is toe te skryf aan die feit dat die meeste mans trekarbeid doen en die mohobelo feitlik net by die myne gedans word.

Die kind word indirek geleer. Hiermee word bedoel dat as 'n kind byvoorbeeld met 'n skerp voorwerp speel die moeder die voorwerp onopsigtelik sal wegsteek en sy aandag op iets anders vestig. Sy sal die kind

saggies van 'n vuur af wegneem in plaas daarvan om op hom te skree (Ashton, 1952:42). Daar word min moeite gedoen om die kind die tradisionele standaarde van gedrag te leer voordat hy gespeen word, wat enige tyd tot op 3-jarige ouderdom gebeur want die kind word tot dan nog nie as gereed (tiile) beskou nie. Daarna word hy as oud genoeg beskou om te leer en die liefdevolle verhouding tussen ma en kind word verbreek (Ashton, 1952:43).

Dieselfde onopsigtelike hulp en aanmoediging, eerder as direkte opvoeding, vind in baie ander gevalle plaas. By die aanleer van 'n dans leer die kind die verskillende passies deur die dansers na te boots en word net in uitsonderlike gevalle deur iemand spesifiek gehelp. Om gehoorsaamheid te leer, word eerstens 'n oproep op die kind se selfrespek gedoen en tweedens word die kind gedwing deur vrees of geweld. By die eerste word die kind aangemoedig tot groter prestasie. So sal die moeder byvoorbeeld vir die kind sing en klap om hom aan te moedig om te dans (Ashton, 1952:44). Die Basothokinders is baie passief wat mag wees as gevolg van hulle opvoeding en wanvoeding, te min slaap, die eenvoudige bestaan en die gebrek aan eksterne stimuli (Ashton, 1952:44). Daarom is enige geleentheid waar hulle vir mense kan dans, 'n groot geleentheid. In die formele skole word daar deesdae periodes ingerig vir sang en Liggaamlike Opvoeding. Baie skole het dogters wat aan 'n dansgroep behoort en tradisionele danse beoefen.

### 2.1.3 Jeuginisiasie

Die primêre doel van inisiasieskole is om die adolessent vir die volwasse lewe voor te berei (Ashton, 1952:55).

In die inisiasiehut (mophato) van die seuns word feesgevier en rituele uitgevoer. Volgens Ashton (1952:51) word die seuns gestraf vir laksheid en kry onderrig in stamgeskiedenis, korrekte optrede en moraliteit. Deugde soos kuisheid, eerlikheid, betroubaarheid, nederigheid en respek vir die meerdere en die kaptein word voorgehou. Seks is nie 'n belangrike aspek nie maar voorligting is as 'n essensiële en indirekte voorspel tot die huwelik beskou. Inisiasie voorsien ook in sosiale belangstelling en vermaak en help om die ou liedere en

danse te onthou (Ashton, 1952:55). Ashton (1952:48,53) maak melding van die vroue wat van vreugde dans en van die mokorotlo wat deur die mans gedans word. Volgens Casalis (Ashton, 1952:55) was die inisiasie 'n struikelblok vir die groei tot beskawing en bekering van die Basotho. Alhoewel inisiasieskole nie meer in die reël in Qwaqwa geld nie, word daar nog af en toe skole gereël. Bogenoemde feit kan miskien die rede wees waarom daar feitlik geen mense is wat vandag nog die mokorotlo ken nie.

Die inisiasieskole van die meisies is in wese dieselfe as die seunskole. Rituele en seremonies word ook gehou waarvan baie vir die mans en ongeïnisieerdes verbode is. Dis minder veeleisend. Die funksie is ook om die dogter voor te berei vir die volwasse lewe, die huwelik en huishoudelike pligte. Hierdie skole word deesdae ook meer gehou as vir die seuns. Die ouderdomme van die meisies wissel van omtrent veertien tot oor die twintig jaar (Ashton, 1952:57). Zietsman (1972:240-293) maak melding van danse gedurende die inisiasieskool.

2.1.4 Die huwelik

Wanneer 'n familie die finale keuse gemaak het, vra die vader eers informeel die bruid se ouers. Indien hulle saamstem, vra hy hulle deur 'n vriend om 'n kalbas water. As die ouers hulle finale antwoord gegee het, besoek die voorgenome bruidegom die bruid saam met van sy vriende. As sy van hom hou, gee sy hom 'n serp (Ashton, 1952:63). Hedendaags word afgewyk van bogenoemde prosedures en gaan die seun direk kuier by die meisie van sy keuse. As die vader nie van die seun se keuse hou nie, sal die seun soms 'n ander keuse maak. As sy die huweliksaansoek aanneem, gaan die seun se vader en vra die meisie se vader om toestemming. Daarna word die huweliksfees bespreek (Ashton, 1952:64).

Deesdae vind baie weglooptroues plaas en wel om 'n paar redes: wanneer die ouers nie toestemming tot 'n huwelik wil gee nie; as die voorafreëlings te lank na hul sin duur; wanneer hulle nie wil trou met die

keuses van hul ouers nie. Gewoonlik behandel die seun die meisie goed en laat hy haar in die sorg van sy moeder todat hulle in die huwelik tree. 'n Vervroegde huwelik kan plaasvind omdat die meisie swanger is (Ashton, 1952:65). Die meisie was vroeër voorbereid op 'n liefdelose huwelik en bewus van haar pligte as vrou. Hierdie kalme en onromantiese uitkyk het baie verander om plek te maak vir meer persoonlike gevoelens (Ashton, 1952:66).

Voorbereiding vir die huwelik word deur albei families getref. Die man se familie maak die beeste vir die <u>bohadi</u> bymekaar, (dit is die beeste wat aan die bruid se vader vir die bruid betaal word) terwyl die bruid se mense vir die huweliksfees moet instaan (Ashton, 1952:66).

Die oggend vroeg van die huweliksdag bring die bruidegom se vader en al sy manlike familielede die <u>bohadi</u>-beeste na die bruid se stat. Voordat die kraal bereik word, probeer die bruid se vroulike familie twee afgekeerde beeste keer om in die kraal te gaan deur op blikke te slaan en 'n lawaai te maak. Dit dui op die onwilligheid van die familie om die dogter te verloor. Sou hulle die beeste wel kon afkeer, is dit 'n slegte teken en moet die troue afgestel word (Ashton, 1952:67). Daarna bereik die bruidegom se mense die stat terwyl hulle die <u>mokorotlo</u> dans. Hulle gaan na die <u>kgotla</u> waar hulle met bier bedien word. Die bruid se mense tel dan die beeste in die kraal. As alles in orde is, vind 'n formele bespreking van die transaksie plaas. Wanneer 'n ooreenkoms bereik word, laat weet die bruid se vader sy vrou dat die huwelik nou gesluit is en word kos en bier bedien (Ashton, 1952:67).

Nog 'n rite vind plaas, waarna die bruid se vader twee beeste aan die bruidegom se vader gee. Die beeste word geslag en die bruid se mense slag die linkerkant af terwyl die bruidegom se mense die regterkant afslag. Die groep wat eerste klaar is, toon aan wie die dominante party in die huwelikslewe sal wees. Die vleis word in stukke gesny en verdeel. Die gal word oor die bruidegom se hande gegooi en die galblaas om sy regterhand gebind. Dit is in werklikheid die kulminasie van die huwelik. Die galblaas is die ring wat die twee mense aan mekaar verbind. Moderne paartjies verkies 'n ring aan die ringvinger

van die bruid (Ashton, 1952:68).

Die aand en nag vier die bruid en bruidegom met hulle vriende fees. Die volgende dag slaap hulle en die aand eindig die partytjie nadat die bruidegom se moeder die seremoniële besoek afgelê het. Die bruidegom en vriende gaan huis toe en laat die bruid agter. Die ouers en vriende ontmoet in 'n ander hut en vier ook fees tot die volgende oggend wanneer almal huis toe vertrek. Deesdae word die bruid nie meer agtergelaat nie aangesien sommige al bymekaar gebly het. Die volgende oggend word die eenwording van die twee families gesimboliseer deur die eet van die ingewande van die bees. Voor en na die etery, was die bruidegom se moeder en verwante vroue hulle met seep en water, verskaf deur die bruid se moeder. So word die ritueel beklemtoon. Die ingewande van 'n dier word geassosieer met vroulikheid en in ander rituele met huwelik en kindergeboorte. Ander gaste wat buite gewag het, word nou ook met kos bedien (Ashton, 1952:69).

Hierdie rites en gebruike word vandag selde nog gebruik. Baie moderne huwelike word op die Westerse manier in die kerk gesluit en gevier. Die <u>bohadi</u>-stelsel is egter nog in gebruik en die beeste word voor die troue aan die bruid se mense oorhandig. Die bruid se mense is vir die fees verantwoordelik soos tradisioneel die geval was. Sommige paartjies wat reeds voor die magistraat of volgens die Sothogewoonte getroud is, trou ook in die kerk (Ashton, 1952:71). Westerse dans word vandag by baie troues gedans, alhoewel die ou tradisionele dans ook nog gedans word.

Die liedjies by alle danse het gewoonlik 'n boodskap. So het bruilofsdanse ook boodskappe aan die bruid of bruidegom. Die kerk se groot beswaar teen <u>bohadi</u> is die idee dat die vrou aan die man verkoop word vir beeste; dat dit 'n degradering is van haar status en dat dit die waardigheid van 'n vrou verlaag (Ashton, 1952:72).

Die Basotho voer vyf redes aan vir die gebruik van die <u>bohadi</u>-stelsel;

1. Die beeste versterk die huweliksband tussen die twee families;
2. Die vrou besef die erns van die huweliksband en kan nie ligtelik opsy gestoot word en die familie in die skande steek nie;
3. Die beeste vergoed vir die koste aan die dogter se opvoeding verbonde en die verlies aan 'n huishoudelike hulp;

4. Dit vergoed vir die onkoste van die huweliksfees, die klere, ensovoorts;
5. Dit is die gewoonte en tradisie (Ashton, 1952:73). Onder hierdie stelsel word die lewenslange kontrak alleenlik verbreek deur albei se dood (Sheddick, 1953:39).

### 2.1.5 Wasdom en bejaardheid

Die beginsel van sosiale differensiasie in terme van relatiewe ouderdom word dwarsdeur die Suid-Sothosamelewing gevind. Dit koördineer vertikaal en horisontaal. Ouderdom verdeel manlikes en vroulikes in 'n reeks van horisontale kategorieë. Die huwelik is 'n bepalende faktor vir volwassenheid teenoor die ondergeskikte. In die volwasse staat word gedifferensieër tussen die bejaarde en seniele en die geskiktes (Sheddick, 1953:41). Onder die ondergeskiktes of minderjariges word die baba en die vroeë kinderjare onderskei van die kinderjare, dit wil sê van ses jaar tot die puberiteitsjare. Puberteit skei die kinderjare van die adolessensie wat streng gesproke tot die huwelik voortduur.

Hierdie eenvoudige ouderdomsverdelings vind uitdrukking in grade van verantwoordelikhede en take sowel as in kleredrag en eetgewoontes. Meisies en volwasse vroue se roklengtes verskil. Die dogters dra rokke bokant die knie en die getroude vroue se roklengte is onderkant die knie. Wanneer 'n skaap geslag word, is die niertjies die spesiale voorreg van die bejaarde en word vir seuns belet; dogters mag die dikvleisgedeelte van die bors kry terwyl die seuns die maag en pootjies mag eet (Sheddick, 1953:40). Die ouderdomsfaktor kan ook in 'n vertikale manier gesien word in die konteks van verwantskap. Hier word gedifferensieer tussen die ouer en jonger suigeling. Die ouderdomsfaktor is hier vertikaal geprojekteer om die afstammelinge van 'n ouer en jonger suigeling te bepaal. Dit bevestig die senioriteitsgradering van afstammelingsgroepe (Sheddick, 1953:42).

Bejaardheid is 'n sosiale staat waarin die mens verkeer. Dit word aanvaar dat bejaardheid die wysheid bring en aldus moet bejaardheid met respek bejeën word mits daar nie seniliteit aanwesig is nie.

Bejaardheid bring sekere voorregte mee. Die bejaarde hoef byvoorbeeld nie die streng taboes na te kom nie en ou vroue se kleredrag, spraak en gedrag word nie so streng beoordeel nie. Gewoonlik word die bejaarde goed opgepas. Die teendeel is selde waar (Ashton, 1952:100).

### 2.1.6 Dood en begrafnis

Die dood word beskou as normaal en onvermydelik en die beëindiging van die bestaan van die liggaam (Ashton, 1952:100). Albei geslagte tree terughoudend op by die dood van 'n persoon in teenstelling met vroeër toe die dood met skrille en deurdringende gehuil aangekondig is (Ashton, 1952:101).

Die afgestorwene is tradisioneel tuis begrawe. Die hoofman dui die plek van die graf aan. Heel vroeër is die dooie in die kraal begrawe sodat die grond gou toegetrap kon word en vyande of towenaars nie die graf kon skend nie. Later is die dooie onder die kraalmuur begrawe. Toe hierdie gewoonte uitsterf, is die dooies buite die stat begrawe in 'n afgebakende begraafplaas. Die ou sendelinge het plek naby hul kerke ingeruim. Van die belangrike hoofmanne aan Moshoeshoe verwant is bo-op Thaba Bosiu begrawe. Doodgebore babas kon in die huishoudelike ashoop begrawe word terwyl verdrinktes en mense wat deur die weerlig doodgeslaan is, naby die rivier begrawe moes word (Ashton, 1952:104).

Die tradisionele graf was 'n klein, ovaalvormige grot, uitgegrawe aan die kant van 'n graf (put). Die uitholling was net groot genoeg vir die lyk in gehurkte posisie. Die grootte is met 'n riet gemeet. Die grawe van die graf moes in die oggend en die begrafnis in die middag plaasvind en moes klaar wees voor sononder (Ashton, 1952:105). Die begrafnisritueel was eenvoudig. Die lyk is deur mense wat deur die familie aangewys is, voete eerste by die hut uitgedra en na die graf geneem met die kortste roete langs. Die lyk is deur 'n gat in die hut langs die deur gedra. In latere tye is 'n priester gevra om 'n gebed te doen voor die lyk uitgedra is (Ashton, 1952:105). Die lyk word in die

nis geplaas met die gesig na die noordooste of ooste. Die grastoue is afgesny en saam met die meetriet by die lyk gelaat tesame met tradisionele kos soos kafferkoring, pampoensaad en karkoer asook brood en water in 'n kleipot en 'n paar aardse goedere. 'n Gebed word weer deur die priester gedoen en 'n handvol grond afgegooi. Die graf word verseël. Mans, gevolg deur vrouens, rofweg in volgorde van seniortiteit, gooi handevol grond af. Helpers vul die gat en maak die kraalmuur reg. In die geval van 'n gewone graf word die plek met 'n paar klippe gemerk. Daarna spuug die hoof van die familie op 'n klippie, gooi dit op die graf en prewel: "Slaap rustig, gaan in vrede!" (Ashton, 1952:106).

Met die begrafnis van 'n belangrike persoon sal die kaptein of 'n verteenwoordiger 'n toespraak hou om die deugde van die gestorwene voor te hou. By die begrafnis van 'n hoofman sal sy opvolger aangekondig word (Ashton, 1952:106). Indien moontlik word 'n fees gehou. Streng volgens gewoonte word 'n swart bees geslag, van dieselfde geslag as die afgestorwene. As 'n bees nie bekostig kan word nie, is 'n skaap of bok geslag. Die vleis word gewoonweg bedien en bier word voorsien. Wanneer die bees geslag word, word die herkoutjie uitgehaal, daarop gespoeg en op die graf gegooi om die graf stewig te maak en die laaste eerbewys aan die dooie te betoon. Christene sowel as nie-Christene het hierdie rite uitgevoer (Ashton, 1952:108). As die afgestorwene se hut nog in gebruik is, word dit met vars beesmis gesmeer. Die inwoners en naby familie van 'n klein stat mag geen werk op die lande doen, vloere smeer of aan hul huise werk tot na die begrafnis nie. Hierdie periode kon verleng word tot drie weke vir die dood van kapteins of familie van kapteins (Ashton, 1952:109). Die hoofmanne verbied deesdae enige dansery in die omgewing as daar 'n begrafnis is.

## 2.2 Verwantskap

### 2.2.1 Gesin

Die enkelvoudige gesin, dit is die man, vrou en kinders, of die saamgestelde familie, dit is die veelwywer, sy vrouens en hulle kinders, woon selde as 'n onafhanklike huishoudelike eenheid. By die Suid-Sotho word ook ander familie en bloedverwante, òf tydelik, òf permanent by

so 'n eenheid ingesluit (Preston- Whyte, 1974:184). Deesdae is monogamie die algemene reël, naamlik die man en vrou en hulle kinders. Toe twee vrouens nog die reël was, het elke vrou se huishouding 'n residensiële enkelvoudige familie-eenheid gevorm, maar vorm gesamentlik 'n enkel saamgestelde familie deur hulle afhanklikheid van een man (Scheddick, 1953:27).

### 2.2.2. Die huwelik

Die huwelik is tradisioneel en vandag nog tot 'n mate benader vanuit 'n familiegesigspunt. Dit het veral gegeld by die ryk en gesiene families, veral die kapteins wat meer besorg was oor familiestand en tradisies. Die vrou vir die oudste seun moes geskik wees en uit 'n gesiene familie kom. Verder moes sy deugde besit wat van haar 'n goeie vrou en moeder sou maak. Vir die gewone man was daar 'n wyer keuse maar die stamkapteins was beperk tot ondertrou met familielede, dit wil sê die vader se broer se dogter (Ashton, 1952:62). Huwelike met die moeder se broer se dogter kan ook plaasvind. Die derde moontlikheid is die moeder se suster se dogter (Ashton, 1952:62). Vir die ryk man was so 'n huwelik met 'n gekose vrou vir hom aanneemlik want hy kon altyd later met ander vrouens trou wat meer in sy smaak geval het. Die armer mans kon met net een vrou trou en het dan die een van wie hy hou, gekies (Ashton, 1952:63). Hedendaags word meestal getrou met die meisie van sy eie keuse (Sheddick, 1953:37).

Huweliksluiting gaan gepaard met die lewering van huweliksgoedere (bohadi), bestaande uit beeste en/of bokke en skape en soms 'n perd daarby. Veral in stedelike gebiede word geld in plaas van vee gegee. Met die bohadi word nie net die huwelik gesluit nie, maar daarmee ontstaan ook die vrou se baarverpligting. Kinders gebore uit hierdie verbintenis behoort aan hulle vader, want sou daar geen bohadi oorgedra gewees het nie, sou die kinders aan die vader van die vrou behoort het. In die verlede het die man van 'n kinderlose vrou hierdie vrou se suster bykomend ontvang en was dit haar plig om die baarverpligting na te kom. Dit het ook gegeld as die vrou kinderloos sterf. 'n Huwelik word ook nie beëindig met die dood van die man nie. 'n

Jonger broer kan die huwelik voortsit deur kinders by die weduwee in die naam van die oorledene te verwek (Adviesraad, s.a.:11).

Tradisioneel het die bruid nog 'n maand by haar ouers gebly. Hierdie periode is gebruik om haar klere-uitset te maak en ander kombuisware en huishoudelike ware bymekaar te maak (Ashton, 1952:73). Haar ouers leer haar om absoluut gehoorsaam en ondergeskik aan haar skoonouers te wees en om goed vir haar man te sorg. Daarna gaan sy na haar man se stat, vergesel van twee vriendinne of familielede. Sy word deur die skoonmoeder verwelkom. Sy sit stil, met 'n kombersbedekte gesig, terwyl die ander vrolik gesels. Die volgende oggend moet sy ontbyt voorberei vir die skoonmoeder. Die skoonvader slag 'n skaap en gee aan haar van die ingewande as teken dat sy deur hulle aanvaar is (Ashton, 1952:74). Sy bly nog 'n paar dae by die skoonfamilie waarna sy haar intrek neem in haar man se hut. Die jong vrou kon weer 'n keer haar ouers besoek en haar waterkruik by die waterbron breek om haar vertrek aan te dui (Ashton, 1952:76).

Die skoondogter moet altyd netjies en opgetooi wees in die teenwoordigheid van haar skoonpa. Haar liggaam moet altyd bedek wees en sy mag nie die <u>mokgibo</u> dans of haar baba voed in sy teenwoordigheid nie. Sy moet kuis teenoor hom optree. Primêr is sy onder die gesag van haar skoonmoeder (Ashton, 1952:77). Die man se verhouding met sy skoonfamilie is nie so gekompliseerd of belangrik soos dié van sy vrou nie omdat hy min met hulle in aanraking kom (Ashton, 1952:77). Gewoonlik is die eerste vrou die senior vrou en die een vir wie <u>bohadi</u> betaal is. Die status word bepaal deur die volgorde waarin hulle getroud is, behalwe in die geval van 'n vrou uit koninklike afkoms wat met 'n kapteinseun trou. Poligame huwelike het met die jare verminder (Scheddick, 1953:36).

### 2.2.3 Afkoms en afkomsgroepe

Uit die geskiedenis van Witsieshoek is dit reeds duidelik hoe die twee stamme, naamlik die Kwena en die Tlokwa, daar woonplek bekom het. Die Kwena stam uit die stam van Moshoeshoe. Die embleem of totem van hierdie groep is die krokodil (Ashton, 1952:12). Die Tlokwa se totem is die wildekat (<u>goabi</u>). Ashton (1952:13) meld dat Arbousset

'n geloof opgeteken het dat toe die Basotho uit die water by Ntsuanatsatsi gekom het, elke stam 'n dier as embleem ontvang het as 'n godebeskermer. Hierdie geloof bestaan nie meer nie. Die redes vir die aanneming van 'n sekere totem is in baie gevalle onseker maar in 'n paar gevalle was dit verbind aan 'n historiese gebeurtenis. Die Tlokwa het die wildekat aanvaar as 'n teken van respek vir en vriendskap met die Sia, wie se embleem dit was en met wie se kapteins ondertrou is (Ashton, 1952:13).

Volgens vroeëre outoriteite was hierdie totems as heilig beskou. Die Kwena het geglo hulle is onder die beskerming van die krokodil, het dit hulle vader genoem en daarby gesweer (Ashton, 1952:13). Nou het die totems min betekenis en die ou gelowe daaromheen het uitgesterf. Stamlede word steeds nie toegelaat om sulke diere te jag of te eet nie maar omdat hierdie diere nie in die land voorkom nie, beteken hierdie taboe min. Die Tlokwa sal nog nougeset hulle oë aanraak met 'n beskikbare wildekatvel as hulle 'n ander een sien, om nie blind te word nie (Ashton, 1952:14). Ashton (1952:14) sê dat die stamme onderling verskil oor wie die superieure status het, alhoewel die probleem in die praktyk, soos by inisiasieskole, besleg word. 'n Persoon is lid van 'n stam deur geboorte en slegs van vaderskant. Daar bestaan egter 'n paar uitsonderings. Vir 'n huwelik word voorkeur gegee aan 'n huweliksmaat uit dieselfde stam (Ashton, 1952:15).

## 2.3 Woonwyse en bestaansvoering

Die enkelvoudige gesin (die man, vrou en kinders) is voorsien van drie hutte- een vir die man en vrou, die kookhut en een hut vir die kinders of die stoor van graan. Al drie hutte is aan mekaar verbind met 'n rietheining (lapa) om 'n eenheid te vorm en om privaatheid te gee. Pasgetroudes of armes het een hut (Sheddick, 1948:5). 'n Paar wooneenhede vorm 'n stat waarvan die hoof die ramotse is. Geskeide dogters en kinders asook die grootmoeder en skoondogters kan ook in die hoof se stat bly. Daar is gewoonlik ook 'n hofhut (kgotla) (Sheddick, 1948:6). Die hoof van 'n wooneenheid moet soms die weduwees

van sy vader en hulle gesinne ook huisves. Sommige wooneenhede het 'n woonhut en verskeie stoorhutte. Vriende en naby familie woon soms by so 'n wooneenheid, in aparte hutte of is aan mekaar verbind met 'n rietheining met tuintjies tussenin (Ashton, 1952:22). Die saamgestelde gesin is die man met meer as een vrou en ander familielede. Elke vrou het haar eie wooneenheid (Preston-Whyte, 1974:84).

Die struktuur van huishoudings kan volgens Ashton (1943:24-27) soos volg saamgevat word:

1. Die weduwee alleen, weduwees met kinders, weduwees met kinders en ander families;
2. Monogamies - man en vrou alleen, man en vrou met kinders, man en vrou met familielede;
3. Poligamies - man en vroue, elke vrou het haar eie huishouding dit wil sê eie kinders en soms familielede by;
4. Saamgestelde huishoudings - vroue en kinders, broers en susters en ander familielede.

## 3. POLITIEKE ORGANISASIE

Qwaqwa het op 1 November 1974 'n selfregerende gebied binne die Republiek geword ingevolge die bepaling van Proklamasie No. R203 van 1974 (Cronjé, 1980:22).

Die Wetgewende Vergadering staan as die Qwaqwa Wetgewende Vergadering bekend en bestaan uit 60 lede: die Tlokwa-stamowerheid wys 13 raadsmanne en hul stamkaptein aan; die Kwena-stamowerheid wys 25 raadsmanne plus hul kaptein aan. Die oorblywende 20 lede word in 'n algemene verkiesing benoem en deur die stemgeregtigde burgers van Qwaqwa verkies (Cronjé, 1980:23). Die termyn van die Wetgewende Vergadering is vyf jaar vanaf die datum van die eerste sitting (Anon, 1975:16). Die setel van die regering is Phuthaditjaba wat in die tuisland geleë is (Cronjé, 1980:23).

## 3.1 Stamstelsel

ŉ Stam is ŉ outonome politieke eenheid. Die stamgebied is in wyke (dibaka, enkelvoud sebaka) verdeel, en dié bestaan weer uit ŉ aantal statte (metse, enkelvoud motse) met omliggende ploeglande. Grotere statte staan onder beheer van ŉ ramotse (statshoof) en kleineres onder ŉ ramotsana. Soms word ŉ manlike verwant van die kaptein (ŉ morenana of kgosana) benoem om beheer oor grotere statte of ŉ paar kleiner statte gesamentlik uit te oefen. Hy word dan deur die ramotse of ramotsana bygestaan.

Die werklike stamadministrasie berus by ŉ stamowerheid wat gebruik maak van wykshoofde, elk bygestaan deur ŉ raad van ongeveer drie persone. Die pligte en funksies van hierdie ondergeskikte hoof sluit in: die verhoor en arbitrasie van kleinere regsake, toekenning van woonpersele en ploeglande, insameling van gelde, kontrole van vee en in die algemeen om die opdragte van die kaptein en die stamowerheid uit te voer (Adviesraad, s.a.:8). ŉ Gesinshoof kan vir die toewysing van ploeggrond vra. Hierdie ploeggrond word nie uitgemeet nie, maar slegs geskat en afgebaken. Die ploeggronde is meestal nie ver van die hoofman se stat geleë nie. ŉ Gesinshoof kan ook vir die toekenning van ŉ veepos met weidingsregte vra. Die weidingsgebiede is meestal naby die bergagtige dele van die land geleë.

Die kaptein word as die vader van die stam beskou en hy simboliseer daarmee ook die eenheid van die stam. Die Bantoe sê: "ŉ Kaptein word gebore", dit wil sê sy amp is erflik en hy word nie gekies of deur iemand aangestel nie. Die oudste seun van die hoofvrou is die erfgenaam, tensy hy heeltemal ongeskik is om ŉ stamhoof te word. Die kaptein trou met sy hoofvrou deur middel van beeste (bohadi) wat die bevolking bydra. Dit is volgens gewoonte wenslik dat die vrou wat eerste trou, van ŉ bevriende kapteinshuis afstam. Daar is twee gevalle in die geskiedenis van Qwaqwa se stamme, waar die kapteinseun wel toegelaat is om ŉ vrou uit die burgerstand te trou, maar hy moes dieselfde dag eers die vrou trou wat die familie volgens

gewoonte vir hom uitgesoek het.

Die Suid-Sotho van Qwaqwa lê klem daarop dat die gewoonte om 'n kapteinsdogter as eerste vrou te trou, gevolg moet word, terwyl volgens "The Laws of Lerothodi" enige vrou in Lesotho as die eerste vrou getrou kan word (Adviesraad, s.a.:10). Indien die kaptein sterf, siek of afwesig is, tree sy naaste manlike familielid of sy erfgenaam as plaasvervanger op en ageer in sy afwesigheid. As die kapteinsopvolger nog minderjarig of ongetroud is, moet daar 'n agerende kaptein aangestel word. Dikwels ageer sy moeder namens hom. Dit is egter die plig van die kapteinsbroer om die kapteinsweduwee in alle administratiewe en ook huislike sake by te staan (Adviesraad, s.a.:10).

Die kaptein is die bewaarder van die stam se gewoontereg en ook die hoofregter, wat huidiglik deur 'n plaasvervanger uitgevoer word aangesien die kaptein lid is van die kabinet en nie genoemde ampte kan behartig nie. Hy open die ploegseisoen, kondig die tye van gemeenskaplike weiding op lande aan, asook wanneer gras gesny kan word. Hierdie dinge het vroeër 'n rituele agtergrond gehad, en vandag speel dit nog 'n rol omdat dit nie hier om privaateiendom gaan nie maar om gemeenskaplike besit en gebruik van eiendom wat aan die stam behoort (Adviesraad, s.a.:10). Die kaptein word deur 'n stamraad bygestaan, wat hy raadpleeg by die neem van besluite. Voor die Wet op Bantoe-owerhede van 1951 in werking getree het, het alle hoofmanne en 'n paar ooms en broers van die kaptein op die stamraad gedien, maar die huidige Owerhederaad bestaan uit minder raadslede en die skakeling tussen die bevolking en die kaptein het gevolglik verswak. Die pligte en ook samestelling van die raad verskil volgens die aangeleenthede wat behandel word. Vir hofsake is ander raadslede betrokke as vir algemene administratiewe aangeleenthede of aangeleenthede wat slegs 'n wyk van die stam aangaan (Adviesraad, s.a.:10).

## 3.2 Politieke funksionarisse

Die uitvoerende gesag van Qwaqwa berus by 'n kabinet wat uit 'n hoofminister en agt ander ministers bestaan. Die hoofminister word by 'n geheime stemming deur die lede van die Wetgewende Vergadering verkies (Adviesraad, s.a.:25).

Die Qwaqwa-kabinet sien huidiglik soos volg daar uit:

| | | |
|---|---|---|
| Departement van die Hoofminister | - | Minister T.K. Mopeli |
| Departement van Binnelandse sake | - | R. Ramabodu |
| Departement van Justisie | - | Hoofkaptein W. Mota |
| Departement van Land- en Bosbou | - | L.C. Mota |
| Departement van Werke | - | S.K. Marumo |
| Departement van Onderwys | - | H. Mopeli |
| Departement van Finansies | - | G. Mohale |
| Departement van Gesondheid | - | Hoofkaptein M. Mopeli |

## 4. EKONOMIESE STELSEL

### 4.1 Ekologie

#### 4.1.1 Topografie

Qwaqwa beslaan 50,172 ha (Vrey en Smit, 1980:36). Dit is 'n bergagtige, hoogliggende landstreek en lê in die suidoostelike hoek van die Vrystaat en behoort geografies daaraan. Dit word begrens aan die suide en suidooste deur die Drakensberg met Natal aan die anderkant; aan die suide en suidweste deur die Mont-aux-Sources met Basotholand aan die anderkant; aan die weste en noordweste deur 'n reeks berge wat uit die Mont-aux-Sources skiet in 'n noordelike rigting en eindig in die berg Qua Qua (die ou spelling) aan die noordekant van die Hoek. Die ingang tot die Hoek is aan die noordekant, net aan die suidoostelike punt van die Qua Qua met die loop van die Elandsrivier. Volgens Ross (1930:1) dui die ou naam Witsieshoek aan dat die plek 'n kom of hoek is, met die Mont-aux-Sources as die suidelike muur, die Drakensberg as die oostelike muur, die Qua Qua-gebergte as die westelike en noordelike muur met die ingang of poort aan die noordekant, langs die Elandsrivier op die hoek in.

#### 4.1.2 Klimaat

Qwaqwa lê in die somerreënvalstreek. Die gemiddelde jaarlikse reënval op die laerliggende plato is ongeveer 700-800 mm per jaar.

Hoër op in die berge neem dit toe na meer as 1 200 mm per jaar. Ongeveer 82% van hierdie neerslag kom in die maande Oktober tot Maart voor. Die reënval van Qwaqwa is relatief betroubaar. Die gemiddelde jaarlikse temperatuur van die gebied kom te staan op 15,0°C, met 'n wisseling van ongeveer 6,0°C in Julie tot 19,0°C in Januarie. In ongeveer 70 nagte van die jaar daal die temperatuur tot onderkant 0°C. Die persentasie verdamping dui daarop dat die lugvogtigheid van die gebied nie so hoog is as wat die reënval en temperatuur wel in stand kan hou nie. Winde speel hierin 'n rol (Vrey en Smit, 1980:48-52).

#### 4.1.3 Plantegroei

In verhouding tot die totale landbou-opset in Qwaqwa, maak die natuurlike veld 'n belangrike deel van die land se landboupotensiaal uit. Die veld kan geklassifiseer word as hoëbergsuurveld wat onderhewig is aan faktore soos oorbeweiding en erosie. Groot dele op die sandsteenplato's is ontbloot van plantegroei en die hange is onderhewig aan oppervlakte-erosie. Daar is bestaande bosaanplantings teen sekere berghange maar dit kom armoedig voor. Erosie speel ook 'n rol hierin (Vrey en Smit, 1980:26-30,60). Teen die hange groei inheemse plante maar dit word deur oorbeweiding beskadig. In sekere vleie staan riete wat in September gesny word vir die dek van dakke.

## 4.2 Landbou, veeteelt en tuinbou

#### 4.2.1 Landbou en veeteelt

In Qwaqwa is die peil van landbou-ontwikkeling, gemeet aan moderne standaarde redelik laag (Vrey, en Smit, 1980:60). Weens die land se bergagtige ligging is die temperatuur laag en wisselvallig en die hittebehoeftes vir die populêre en tradisionele gewasse soos mielies, koring en kafferkoring nie voldoende nie (Vrey en Smit, 1980:52). 'n Kenmerk van die huidige grondgebruikspatroon in Qwaqwa is die talle klein landjies, elkeen met sy eie wenakkers en toegangspaaie, wat veroorsaak dat baie van die ploegbare grond verlore gaan. Deeglike en diep bewerking van die landerye is ook onder hierdie omstandighede uiters moeilik en 'n baie groot deel van die produksiepotensiaal gaan verlore (Vrey en Smit, 1980:53). Maar

aangesien mielies en koring tradisionele gewasse is, kan dit met spesiale aandag as wisselbougewasse verbou word. Verder kan aartappels en aspersies geplant word asook ander koelweergewasse (Vrey en Smit, 1980:54). Daar is reeds 'n groot aspersieprojek in Qwaqwa aan die gang. Die totale weiveld van Qwaqwa beslaan 41,278 ha (Vrey en Smit, 1980:38).

Die weiveld is gemeenskaplike besit en staan onder beheer van die kaptein. Die enigste verdeling van weiveld is dié tussen woongebiede wat lande insluit, en die natuurlike veld. Die woongebiede en landerye word hoofsaaklik vanaf April tot Augustus bewei en gedurende die groeiseisoen word trekosse, melkkoeie asook perde op die weiveld tussen die lande toegelaat. Gedurende die somerweiperiode (vanaf September) word alle ander diere verskuif na veeposte in die hoërliggende weigebiede, waar hulle elke aand gekraal en getel word. Verder word muile en donkies, varke, bokke, skape en pluimvee aangehou (Vrey en Smit, 1980:38). Die regering bedryf ook 'n groot varkplaas. Die meeste gesinne hou een of 'n paar melkkoeie aan wat in die erf (in die geval van dorpaanlegte) slaap en bedags op die veld in die omgewing rondloop en wei.

### 4.2.2 Land- en tuinbou-aktiwiteite

Elke familie het 'n tuinery, vrugtebome, klein landjies met mielies en droë bone indien die spasie dit toelaat, wat vir eie gebruik bewerk word. Soms word van die produkte in Phuthadithjaba langs die winkels en strate verkoop. Vroeër is gemengde boerdery toegepas. Die mense het kafferkoring as hul stapelvoedsel gesaai. Mielies is voor die 20ste eeu aan hulle bekend gestel. Verder het hulle soetriet, pampoene en waatlemoene gehad. Van die blankes het hulle koring, ertjies, hawermout, gort en groente verkry. Mielies het later die stapelvoedsel geword asook die belangrikste enkele oes. Volgens Sheddick (1953:18) is die grond vroeër, voor die ploeg in gebruik gekom het, met 'n houtskoffel gebreek en verder deur skape en kalwers stukkend getrap voordat die saad gesaai is.

Spesifieke grond is deur die hoofman aan elke gesin gegee om te bewerk, volgens Ashton (1952:144). Alle beskikbare mans en vroue moes op die lande werk tydens oestyd. Vir die oes van kafferkoring is groot manlike werkspanne georganiseer. As 'n land nie die nodige oes opgelewer het nie, is 'n nuwe land gemaak. Geen bemesting is toegedien nie (Sheddick, 1953:19). Alle natuurlike stowwe en gewasse soos riet, gras, minerale en klei was gemeenskaplike eiendom. In die winter kon die mense een keer 'n voorraad dooie hout in die bosse gaan haal. Pale van jong bome kon altyd verkry word vir die bou van huise (Ashton, 1952:152). Dekgras kon deur 'n distrik se mense gebruik word (Ashton, 1952:153).

### 4.3 Arbeidsverdeling en trekarbeid

Tradisioneel is die vrou nie toegelaat om met vee of beeste te werk nie (Ashton, 1952:141). Die seuns wat kan, werk met die vee. Die vroue en alle werkkrag wat beskikbaar is, werk deesdae op die landjies en in die tuinerye aangesien die mans elders werk. Weens die oorbevolking en te min werksgeleentheid, ten spyte van die fabrieke wat nou in Qwaqwa opgerig is, kan die mans nie meer hulle gesinne onderhou nie en is hulle aangewese op trekarbeid. Hulle werk meestal op die Vrystaatse myne. Daar beoefen die mans die pragtige mohobelo-dans. Dit word feitlik nie meer in Qwaqwa self vrylik beoefen nie alhoewel die inwoners dit nog as die nasionale mansdans beskou en gaande daaroor is.

## 5. RELIGIEUSE ORGANISASIE

### 5.1 Opperwesebegrip

Toe die eerste sendelinge onder die Basotho begin werk het, het die Basotho 'n idee gehad van 'n opperwese wat vaagweg ooreengestem het met die Christelike opvatting van God. Die tradisionele Basotho se idee van God was dié van 'n opperwese wat te ver en verwyderd was om aandag te gee aan die mens wat met sy klein dinge besig is. Mense het hom egter aangeroep in tye van droogte, siekte en as 'n vrou onvrugbaar was. Dié Opperwese was bekend as God, (Molimo)

Lig, (Leseli) en Beskermer, vader of verlosser, (Ra Moloki). Tans is daar 'n definitiewe geloof in God danksy die sending van vroeër alhoewel die ou gelowe nie heeltemal uitgesterf het nie (Ashton, 1952: 116). Maar daar is 'n verskuiwing van aksent as gevolg van Christelike invloed, van die voorvaders (balimo) na Molimo. Die ou idees van Ntsuanatsatsi en die stamme se geestelike tuiste is ook besig om te verander na idees van hemel en hel (Ashton, 1952:118).

Christenskap het nie die Bantoetradisie geëlimineer nie, net in 'n sekere mate vervang. Daar bestaan twee soorte Christene, die wat getuig en glo en die wat glo en tog aan tradisies vashou. Die God van die Christene word geïdentifiseer met die enkele almagtige wese van die tradisionele volk voor die koms van die sending (Pauw, 1974:438). Die aanvullende sosiale funksies van Christendom en Bantoetradisies verwyder alle gevoel van konflik. Die Bantoetradisies funksioneer in die huishouding maar nie in die globale kerkgroep nie, aangesien die voorvaders 'n noue verband het met familie en verwantskap. Die kerk glo aan God, Verlosser en die Woord maar verplaas nie die kleinskaaltradisie nie (Pauw, 1974:438). Sheddick, (1953:67) verduidelik dat geen mens God (Molimo) direk mag aanroep nie. Sy ouer broer, lewend of dood, moet hul vader vra om as middelaar op te tree. God word in die algemeen aanvaar as almagtig, alwetend en alomteenwoordig, maar dit wil voorkom asof die beskouing nie noodwendig veel intensionele betekenis het nie. Daar is baie Swartmense vir wie God se belangstelling in hulle werk verplaas word deur die voorouergeeste en of magiese middele (Möller, 1972:42). Hier is duidelik 'n sinkretistiese vermenging van die Christelike siening van die ware God van die Bybel en die animistiese opperwese-begrip, dit wil sê godsdiens wat aan alles toorkrag of siel toeken (Möller, 1972:43).

## 5.2 Voorvaderbegrip en -kultuur

Die belangrikste en vitale deel van die tradisionele godsdiens van die Bantoe is die voorouergeesteverering, of voorouerkultus, ook genoem manisme. Dit bestaan hoofsaaklik uit die geloof dat die individu 'n besondere band met oorlede verwante, veral oorledenes

uit sy eie linie, het. Hierdie oorledenes of voorouergeeste is veronderstel om die vermoë te hê om hulle nakomelinge te beskerm of seëninge te stuur. Indien hulle ontevrede is, kan hulle teëspoed stuur terwyl hulle veral deur drome hulle begeertes aan die lewendes bekend maak (Möller, 1972:45). Informante het bevestig dat hulle glo aan Jesus Christus die Verlosser, maar dat hulle deur 'n voorvader kontak na bo moet maak. Hulle moet selfs nadat die voorvader in 'n droom aan hulle verskyn het, 'n bees slag.

Voorvadergeeste se hulp word nog ingeroep in geval van siekte soos histerie, slaaploosheid en epilepsie. Vroeër het dit betrekking op alle siektes gehad. Hierdie probleme kan opgelos word deur die voorvaders aan te roep en in 'n goeie bui te bring. of deur 'n dier te offer of 'n taak wat afgeskeep was, te verrig (Ashton, 1952:115). Die voorvadergeeste onthul ook nuwe soorte medisyne en behandeling aan enige dokter, maar veral aan die mathuela of waarsêers (Ashton, 1952:115). Pauw (1974:428) meen dat die Tlokwa oor die algemeen die mees tradisievaste stam was, wat die voorvaderkultus en -rites nog sterk beoefen (Ashton, 1952:116). Becker (1972:13) maak melding daarvan dat selfs by 'n troue 'n gebed gedoen en die voorvadergeeste aangeroep is om beskerming en voorspoed vir die bruidspaar te vra.

Sou die volgende as legende ontstaan het onder invloed van die Christendom?: Ra-Molo is die slegte man wat in 'n reuseslang met 'n skaapkop verander is. Een keer per jaar verskyn hy bokant die water en enigeen wat hom sien, word onweerstaanbaar aangetrek om koud te slaap op die bodem van die poel totdat alle mense bymekaargemaak word vir die land van die voorvadergeeste op die dag wanneer die Groot Gees vanaf die sterre sal roep! (Martin, 1903:158).

## 5.3 Rituele funksionarisse

### 5.3.1 Divinieerders

Volgens Ashton (1943:2) is daar drie soorte divinieerders: eerstens die dolosgooier (selaoli) wat siektes diagnoseer; tweedens die siener,

(senohe) wat verborge dinge en in die toekoms sien (dit word as 'n gawe van die voorvaders beskou); derdens is daar die divinieerder (ngaka) wat kennis dra van medisyne en kragte van waarsêery het. Hy verskil van die ander dokters wat ook hierdie gawe het hierin, dat hy gawes en kragte besit om 'n spesifieke psigiese en fisiese siekte bekend as moteketeke, te genees (Ashton, 1943:3).

### 5.3.2 Kruiedokters

Ashton (1952:282) noem die kruiedokter ook 'n toordokter. Die dokter of kruiedokter is een van die belangrikste persone. Sy beroep behels diagnosering van gewone ongesteldhede en siektes. Hy skryf medisyne voor om ongeluk te verlig en te voorkom; om beskerming te verleen teen toordery en ongelukke; om geluk en voorspoed te besorg. Hy vertrou op sy medisyne en maak gebruik van ander toordoktershulp (Ashton, 1943:2).

Sommige het kennis van reënmaakmedisyne. Hulle kry hulle opleiding by 'n praktiserende kruiedokter en koop hulle medisyne van ander dokters. Nuwe medisyne word ontdek, of hulle gebruik soms medisyne van die Blankes, of hulle kry 'n Godsopenbaring of voorvadergeeste gee kennis deur drome of hulle erf die kennis. Volgens Ashton (1943:2) hang die status van die dokters en divinieerders af van die mate van sukses wat hulle behaal en nie van hul stand of beroep nie.

### 5.3.3 Towenaars

Die towenaars (baloi) gebruik kennis en kragte om kwaad aan te doen. Hulle gebruik twee soorte medisyne, een om kwaad aan te doen en een vir beskerming teen bedrieëry maar wat ook deur die bedrieër tot kwaad kan verander (Ashton, 1943:5). Volgens Ashton (1952:289) sal medisyne steriliteit (tseheletsa) tot gevolg hê in plaas van vrugbaarheid. Daar word geglo dat towery altyd indirek gemik is teen 'n persoon deur die persoon se familie of 'n naasbestaande te toor. Dit word selde teen 'n hele gemeenskap gemik (Ashton, 1943:8). Becker

(1971: no 26) meen dat die toordokters floreer op vreesinboeseming. Die oomblik dat 'n persoon, hetsy 'n Swartman of 'n Blanke, bang word, sal die dokter se magte toeslaan. Die volgende situasies word as tipies beskou komende van die toordokter: 'n ongeluk tref 'n vrou of 'n ryk man ly finansiële verliese of skielike dood. Die hulp van 'n divinieerder of waarsêer word ingeroep om die bedreër of towenaar uit te wys (Sheddick, 1953:72).

5.3.4 Hekse

Behalwe die bedrieërs is daar 'n ander vorm van <u>baloi</u> wie se bedrywighede nie gevaarlik of antisosiaal is nie, dog immoreel en ondeund is. Iemand kan wel kwaad aangedoen word maar as geheel word die medisyne en kragte gebruik vir vermaaklikheid. Hierdie bedrieërs word soms hekse genoem. Hekse, so word geglo, kan verskillende vorme aanneem, kan gou verdwyn en kan gewone mense aan die slaap maak. Volgens Möller (1973:4) word daar onderskeid gemaak tussen towery deur dienswesens (witchcraft) en kwaadwillige towery deur ritueel (sorcery). Hulle beweeg net snags en openbaar hulleself soms nakend, al singend en dansend, op verafgeleë plekke. Hulle kan 'n hele dorpie laat slaap, 'n bees slag, 'n fees hou en verdwyn teen dagbreek. Die bekendste vorm wat hulle aanneem, is die <u>thokolosi</u> - 'n klein harige mannetjie van omtrent agtien duim hoog, wat vroue in hul drome verkrag (Ashton, 1943:8). Heksery word hoofsaaklik onder vroue gevind (Sheddick, 1953: 73). Die vroue word snags hekse, vlieg rond, besoek mekaar en kom in dongas bymekaar waar hulle sing en dans. Die hiëna word geassosieer met bedrog, onegtheid, besoedeling en heksery. Ná 'n vreesaanjaende nagtelike besoek sal die werf vol hiënaspore lê en die mense sal stom van skrik wees (Becker, 1971:27).

## 5.4 Magiese beskerming en genesing

5.4.1 Magiese beskerming

Magie staan in verband met die manipulering van 'n gestaltelose mag tot voordeel of tot nadeel (Möller, 1973:1). Weerlig kom dikwels in die somer voor tydens elektriese storms. Groot haelstorms kan maklik die

oeste vernietig. Huise word dus met medisyne behandel om die weerlig te weerhou. Dis soms in die dak versteek of aan stokkies gesmeer wat by die dekgras uitsteek. As weerlig tóg die huis tref, word die dokter wat die medisyne voorberei het, geroep om die huis en bewoners te reinig. Teen hael word stokkies besmeer met medisyne en oral op die spesifieke area gesit (Sheddick, 1953:70).

Die waarsêers en medisynemanne is veral die persone in die tradisionele gemeenskap wat magie tot voordeel van die gemeenskap aanwend. Die mees algemene manier van waarsêery is met behulp van die sakkie dolosse. Die praktisyn wil dan die pasiënt of kliënt genees, beskerm of versterk (Möller, 1973:5). Die dokter se hulp word ook ingeroep om die saad te behandel voor dit geplant word. As die plante bokant die grond uitkom word dit met medisyne behandel teen snywurm en boorder (Sheddick, 1953:70). Ten spyte van die feit dat mense self die voëls moet wegjaag, word 'n rituele beskerming nog gedoen.

Soos reeds gesien, floreer die towenaars op vreesinboeseming. Die mense vrees dus veral siektes en rampe wat met opset deur towenaars en hekse op hulle geprojekteer kan word. Baie van die dokter se pligte is om beskerming teen sulke euwels te verleen aan individue, hulle besittings en hulle alledaagse take. Elke huis se fondasies word versterk met mohlakola (medisyne) om te verhoed dat 'n persoon die huis sal binnegaan met medisyne wat die inwoners sal skaad. Die hele stat moet as geheel ook versterk word met medisyne waarvan 'n bestanddeel menslike vlees en bloed blyk te wees. Baie mense dra pakkies medisyne vir beskerming as hulle weg van die huis af slaap; minnaars soek drankies om die liefde van 'n geliefde te wen; jaloerse eggenote soek middels wat hulle vrouens sal vrywaar van die attensies van ander mans. Sulke medisyne word byna sinoniem met persoonlikheid. 'n Sterk persoonlikheid is 'n teken daarvan dat die persoon sterk medisyne besit. Siek persone en kinders het dan spesiale medisyne nodig om hulle te beskerm teen die oorheersende effek van die persoonlikheid van gesonde volwassenes (Sheddick, 1953:71).

### 5.4.2 Genesing

Die derde soort divinieerder besit gawes en kragte om 'n spesiale soort

psigiese en fisiese siekte, die moteketeke, te genees. Hierdie siekte het tekens en simptome soos stuiptrekkings, geheueverlies, skietpyne in die kop, en drome. Die genesingsproses, 'n soort inisiasie, is 'n lang en gekompliseerde proses wat begin en eindig met spesiale rites en deurentyd begelei word met spesiale danse en tromslanery (Ashton, 1943:3). Ashton (1952:284) noem dit 'n volle rituele behandeling. Die mathuela (divinieerders van die trom) genees gewoonlik psigiese siektes. Hulle tree op in groepe en is gewoonlik vroue, wat dan onder die leierskap van 'n manlike lethuela staan. Die pasiënt, 'n besetene, moet groot hoeveelhede bloed drink en dan dans, tot 'n stadium van totale uitputting. 'n Klein trom word die hele tyd geslaan (Sheddick, 1953:69). Hierdie mathuela praktiseer nog in Qwaqwa. Ashton (1952:285) meen dat die rede waarom die mathuela, asook die pasiënte, meestal vroue is, toegeskryf kan word aan ontvlugting van hul vervelige en eentonige bestaan.

## 5.5 Reënmakery

Mense het tradisioneel geglo dat heersers reën kon maak. Die hoofmanne huur 'n toordokter om reën te maak en om die medisyne te verskaf. Tot in 1973 was daar 'n gemeenskaplike ritueel om reën te maak: die meisies moet die papstokkie uit 'n naburige kaptein se hut steel. As hulle sou slaag, sal dit reën. 'n Ander ritueel om 'n sekere dier te jag, het in die twintigerjare uitgesterf (Lye, 1980:122). Sheddick (1953:70) praat tog van sulke jagtogte in 1935 en 1944: Die reëndokter (monnesapula) word deur die kaptein laat roep. Op 'n gegewe dag bou die reëndokter vir hom 'n klein riethut langs die hut van die kaptein terwyl al die mans uitgestuur word op 'n jagtog. Daar moet hulle alle diere doodmaak wat hulle kry. Hulle word keel-af gesny en die binnegoed in lopende water gegooi. Die karkasse moet na die reëndokter gebring word. Laasgenoemde gee dan 'n fees waartydens die voorvaders aangeroep word om te help.

Een van die mees geslaagde 'medisynes' was die vet van 'n groot slang wat in 'n diep poel woon. Dit sou heilige krag hê (Lye, 1980:123).

Sheddick (1953:70) meld dat reënmakery, anders as die behandeling teen hael en weerlig, met die grootste geheimhouding bejeën is. Die sterkste medisyne was nodig en daarvoor is 'n rituele moord gepleeg. Hierdie rituele het veelal uitgesterf en mense bid in kerke om reën.

## 6. MATERIËLE KULTUUR

### 6.1 Boustyl en argitektuur

Alhoewel die boustyl in Qwaqwa al baie verwesters het, word daar nog baie hutte gebou, veral teen die berghange en hoër op in die berge. In Phuthaditjhaba self word net steenhuise met 'n Westerse boustyl aangetref. Die tradisionele hutte is van baie eenvoudige ontwerp. Temperature kan soms in die nag tot ver benede vriespunt daal. Daarom moet die huise so gebou word dat dit die warmte kan binnehou. Voorheen was die hut (mohlongoafatse) 'n ovaalvormige woning met 'n verlengde ingang. Dit was slegs 'n houtraamwerk wat met modder en gras bedek was. Deesdae is die wonings duursamer (Erasmus, 1975:21).

Die nuwe tipe woning is vierkantig of rond (Shaw, 1974:86 verwys net na sirkelvormige hutte) en die mure is van steen gebou. Daar is ook baie rondaweltipe wonings in Qwaqwa. Die grootte van hierdie wonings wissel en sommige het 'n hele aantal vertrekke. Die dakstruktuur is van hout wat eers met riete en dan met gras bedek word. Die dekgras word lossies vasgemaak om rook uit die hut te laat. Vandag word sommige hutte met sink bedek (Erasmus, 1975:21). Die hutmure word binne sowel as buite met modder, gemeng met bees- of perdemis, besmeer om die afwerking meer permanent te maak. Wanneer die finale laag aangewend word, word daar soms dekoratiewe ontwerpe op aangebring. Hierdie laag is fyner van tekstuur. Daar word gewoonlik van die verskillende beskikbare grondkleure gebruik gemaak. Soms word die buitemure met klippies versier. Bêrerakke van klei word soms teen die binnemure aangebring. Elke wooneenheid het gewoonlik sy eie werf, die lelapa, wat omring is met 'n sterk rietomheining (Erasmus, 1975:21).

## 6.2 Handwerk

### 6.2.1 Pottebakkery

Pottebakkery is steeds die werk van die vrou. Oorspronklik het sy net die gesin van potte soos bier-, water- en kookpotte, ensovoorts voorsien, maar later is allerhande ander artikels gemaak om te verkoop. Daar word van verskillende tegnieke gebruik gemaak (Shaw, 1974:116). Vroeër het die verskillende prosesse gepaard gegaan met geheimhouding en taboes. Volgens sommige daarvan is geen mans of vreemdelinge naby die oonde toegelaat nie, uit vrees dat slegte medisyne (seteipi) die potte sal beskadig. Volgens andere word die potte nie gebak as die maan kleiner word nie, uit vrees dat die potte sal verswak (Ashton, 1952:160). Hoeveel van hierdie gelowe nog gehandhaaf word, is onbekend. Vandag het yster, tin en emalje veelal die plek van kleiware ingeneem.

### 6.2.2 Vlegwerk

Vlegwerk is 'n tegniek wat volop gebruik word om houers en matte en slaapmatte te maak. Nog voorbeelde is siwwe, heinings, hoede en persoonlike ornamente en mandjies. Vlegwerk word deur mans sowel as vroue beoefen (Shaw, 1974:118). Ashton (1952:160) sê dat die regte gras gebruik moet word om byvoorbeeld groot houers te vleg om graan in te stoor, asook bindtoue. Verder word die rompies (thethana) wat die dogters gedra het, van gras gemaak en in vet gerol. Deesdae word dit soms van tou gemaak.

### 6.2.3 Leerwerk

Vroeër is leerwerk uitsluitlik gebruik vir die maak van klere soos lendedoeke, rompe, voorskote, mantels, pelspette, sandale en artikels soos graansakke, karosse en beursies. Hierdie handwerk het al feitlik uitgesterf. Dis nog net tydens inisiasieskole dat meisies die velklere dra (Ashton, 1952:159).en kom tans ook nog voor.

### 6.2.4 Houtwerk

Voordat die nodige huishoudelike ware gekoop kon word, is eenvoudige artikels soos melkemmers, lepels en borde uit hout gesny. Baie is versier met geometriese brandhoutpatrone of diereontwerpe. By gebrek aan materiaal net soos sekere grassoorte in die geval van mandjievlegwerk, het dit uitgesterf (Ashton, 1952:161).

### 6.2.5 Metaalwerk

In die ou dae het die Suid-Sotho self hulle spiespunte, skoffelpikke, skrapers, naalde en messe gemaak. Dit is gemaak deur spesialiste wat 'n leerjongenskap, misterieuse reinigings en spesiale behandeling moes deurloop. Dit is van 'n swak gehalte yster gemaak en die bedryf het nooit gefloreer nie. Die Zulu het later die metaal voorsien (Ashton, 1952:159). Volgens Sheddick (1953:24) was die Tlokwa hoofsaaklik die metaalwerkers en dan ook net 'n paar spesialiste onder hulle.

### 6.2.6 Kralewerk

Kralewerk word deur vroue gedoen. Hierdie handwerk het gegroei en gefloreer deur kontak met ander volke van wie die krale verkry is. Oorspronklik is krale van ongebakte klei en van metaal gemaak wat dan in enkelstringe of in kettingstringe ingeryg is. Glaskrale is later van die Arabiere geruil en gedurende die 16de tot 18de eeue van die Portugese aan die Ooskus. Later was krale baie bekombaar in Transvaal (Shaw, 1974:121). Deesdae word krale veral vir tradisionele drag, seremonieel en ritueel, en op dansklere gedra.

## 6.3 Drag en persoonlike versiering

### 6.3.1 Alledaagse drag

Tradisioneel het seuns geen klere gedra nie. Op min of meer 7-jarige ouderdom het hulle 'n ou lendedoek (tseka) begin dra. Vir seremoniële en feestelike geleenthede het hulle 'n sepetu gedra: dit is, 'n

kralegordel met 'n krale- of veldriehoekie voor. Op 'n later stadium gee hulle meer aandag aan hulleself en dra hulle 'n lendedoek wat uit kalfsvel gesny is. Deesdae loop die klein seuntjies in die berge nog kaal maar dra op 'n later stadium Westerse klere soos die ander in die stedelike gebiede van Qwaqwa. Dogtertjies het vanaf die kruipstadium tot en met inisiasie net 'n thethana (grasrompie) gedra wat verleng is namate hulle groter geword het. Daarna het hulle 'n beesvelromp bo-oor die thethana gedra. Deesdae dra hulle Westerse klere (Ashton, 1952:33).

Ashton (1952:33) merk op dat 'n seun en dogter 'n kombers kry om te dra om te pronk en as beskerming. Die kombers word deur die Suid-Sotho vir feitlik elke geleentheid gedra en word vandag gereken as tradisionele drag. Vir een spesifieke vrouedans, die moqoqopelo, word 'n kombers om die skouers gedra waarmee in die dans gespog word. Tydens feeste dans die dogters (sommige dansgroepe) nog met die thethana of 'n rompie van materiaal of lemoensakkies gemaak. Sommige dra 'n buustelyfie of 'n T-hempie. Die vroue dra etlike rompe en onderrokke bo-oor mekaar. Die bo-stuk is 'n oorrok-voorskoottipe bloes wat soms dig met krale uitgewerk is en 'n los gordel van kralewerk om die middel. Op die kop dra hulle 'n imposante groot kopstuk van materiaal wat gevou en gestik is. Die dogters èn vroue dra baie krale om die nek, gewrigte en enkels.

Die vroue is lief om deesdae 'n donkerbril te dra as hulle sekere danse uitvoer. Daar word ook groot rooi kolle op die wange geverf. Volgens Martin (1903:29) het dansers se ornamente soos volg daar uitgesien: 'n plat koperring om die nek, koperarmbande en koperbande vanaf enkels tot knieë, en later van krale. Vir sommige danse het hulle velsakkies met klippies daarin gedra wat geraas het as gevolg van voet- of beenbewegings tydens die dans. Die mans het ossterte vanaf die elmboë, albei skouers en knieë gedra en 'n verekopstuk. Hulle het 'n skuld en 'n lang blinkgepoleerde kierie gedra. Deesdae gebruik die vroulike dansers klein skildjies van blinkpapier of wol gemaak, of stokkies vir die mokgibo-dans.

### 6.3.2 Rituele drag

Vir die bokoma dra die dokter 'n romp van bobbejaanpels, das- en

meerkatvelle en -sterte, 'n pelshoed of pet, 'n mantel van velle en baie wit krale. Hy dra ook 'n peits gemaak van die stert van die dier wat by die finale ritueel doodgemaak is. Hy dra altyd die wit krale, selfs by gewone drag (Ashton, 1943:4). Ashton (1952:288) meld dat hulle soms 'n kort spies dra wat met krale versier is. Hulle dra enkelringe en ook velsakkies wat met klippies gevul is, en wat ratel as hulle dans. Volgens Sheddick (1953:69) dra die mathuela (dokters wat die geeste uitdryf tydens die bokoma velle en krale maar hooftooisels van ystervarkpenne. Hulle is nooit sonder hulle klein trommetjie (sekupu) nie anders word hulle self siek - so word geglo. Die reëndokter (monnesapula) dra 'n uitsonderlike kostuum gemaak van bobbejaan- en jakkalsvelle. Sommige dra 'n klein fluitjie wat van 'n klein beentjie gemaak is (Sheddick, 1953:70). Tans word feitlik dieselfde kostuums gebruik.

## SAMEVATTING

Die Tlokwa en die Kwena wat 'n deel vorm van die Suid-Sothogroep, maak feitlik die hele bevolking van Qwaqwa uit. Hierdie twee stamme was gedurende die begin van die vorige eeu in Basotholand (die huidige Lesotho), waar die eerste kontak met Blankes gemaak is. Dit blyk egter dat die eerste merkbare blanke invloed op die Suid-Sotho se lewenstyl eers met die begin van die Groot Trek uitgeoefen is en op 'n later stadium na die vestiging van die twee stamme in Qwaqwa. Die sendelinge, en gevolglik die Christendom, het 'n groot invloed op die nog heidense stamme gehad deurdat tradisies soos veelwywery, manlike sowel as vroulike besnyding, rituele moord, towernary, reënmakery, die drink van verdowingsmiddels, danse en oesfeestelikhede, teengestaan is.

Die sendingstasies het reisigers gelok en dit het die materiële kultuur beïnvloed en gaandeweg laat verwesters. Handgemaakte artikels van klei, vel, been, gras en sade is met gekoopte ware soos materiaal, krale, tin en emalje vervang. Tog blyk dit dat tradisionele handwerk nog op klein skaal in Qwaqwa gedoen word en tradisionele kleredrag by sekere geleenthede gedra word.

In die politieke organisasie word die ou stamstelsel nog gevolg, alhoewel daar 'n sentrale regering is wat as die Wetgewende Vergadering bekend staan en saamgestel is uit raadsmanne van die twee stamme en die twee stamkapteins. Die stamstelsel funksioneer nog tradisioneel.

Die ekonomiese stelsel is besig om te ontwikkel in 'n Westerse styl wat betref groot boerderyprojekte en fabrieke. Tog word grond nog uitgegee vir bewerking en weiding op die tradisionele wyse en het elke huishouding en stat eie tuinbou-aktiwiteite.

Dit blyk dat die meeste rituele en gebruike by die sosiale organisasie verval het, alhoewel daar hier en daar nog gebruike is wat die simboliese betekenis behou het. Dit is soms die gebruik om 'n rietjie oor die voordeur te sit om 'n geboorte aan te kondig; die pitiki word nog gehou as die baba vir die eerste keer uit die huis kom; die kuruetso, as die maan as simbool van lig en geluk aan die jong kind getoon word, word deur sommige gesinne gehou.

Sover bekend word inisiasieskole deur sommige mense bygewoon met die tradisionele fees en danse en gebruike daaraan verbonde alhoewel sommige rituele nie meer so streng toegepas word soos in die vorige eeue nie.

Huwelike het verwesters hoewel die bohadi-stelsel nog in gebruik is. Sekere rites by die huwelikseremonies het uitgesterf. Westerse sowel as die tradisionele bruilofsdanse word op troues gedans. Die gewoonte om die wit vlaggie van vrede en voorspoed by die bruid en bruidegom se huise te sit, bestaan nog.

Die rituele en rites by dood en begrafnisse het uitgesterf alhoewel daar nog geslag word vir begrafnisse wat verder op Westerse wyse in die kerk gehou word deur die verskillende kerkgenootskappe. Poligame huwelike kom sover bekend nie meer voor nie. Dit beïnvloed die woonwyse. Die nuwe woongebiede in Qwaqwa bestaan uit enkelhuise volgens Westerse styl. Die ouer woongebiede bestaan volgens tradisie nog uit statte met sy enkelvoudige huishoudings en familie-wooneenhede

wat aanpas by die feit dat moeder en skoondogters dikwels saamwoon in 'n eenheid van huise terwyl die mans weg is as trekarbeiders.

Die religieuse organisasie toon 'n verwestering en 'n sinkretistiese vermenging van die ware God en die animistiese opperwese-begrip. Die geloof in die voorvadergeeste toon 'n sinkretisme sowel as 'n dualisme. Die rituele funksionarisse bestaan nog, alhoewel hulle in 'n mindere mate voorkom as in vroeëre tye. Magiese beskerming en genesing word nog, maar in 'n mindere mate bedryf. Die rituele rondom reënmakery het uitgesterf en mense bid in die kerke om reën. Bloedige rites en rituele het blykbaar uitgesterf. Danse maak 'n deel uit van die Suid-Sotho se kultuur en word nog beoefen.

Uit die gegewens is dit duidelik dat gebruike en gewoontes vandag soms net 'n simboliese betekenis het en is 'n definitiewe sinkretisme en soms dualisme in die kultuur te bespeur deurdat gepoog word om iets van die tradisionele kultuur te behou.